# MEMORANDUM VAN MOETE EN MOENIES,EN 'n,MODEL VIR FILMLES IN DIE LAERSKOOL

PROF.JOHAN OLIVIER

Historiese Opvoedkunde
UNISA

'N MAGTIGE MODERNE HULPMIDDEL WAT NIE MAKSIMAAL NIE!

'n **Misplaaste** opmerking se u! Tog nie, want die instansies wat opvoedkundige films uitleen deel mee dat daar 'n baie groot aantal skole is wat selfs nog nooit 'n enkele geskiedenisfilm bestel het nie! Verder, oor 'n tydperk van veertien jaar as dosent aan 'n onderwyskollege het 'n opname oner eerstejaars aan die lig gebring dat meer as 90o/o van hulle nooit 'n geskiedenisfilm tydens hul hele skooloopbaan gesien het nie!
Nogal **mistroostig** ne, amper soos die droë **Mistral** uit die noordweste van Frankryk..! As u van **mening** is dat ek **mistas** kyk maar 'n bietjie rond hoe die medium in u inrigting gebruik/**misbruik** word!

'N MAGTIGE MODERNE HULPMIDDEL?
Die volgende voordele van 'n goeie filmles kan nie misgekyk word nie.

* Die film maak gelyktydig 'n beroep op die leerling se **oog en oor** -ten minste twee **sintuie**.
* Kan leerlinge
* Kan leerlinge **emosioneel** betrek-betrokke laat voel by die historiese werklikheid.
* Die **geheue** word tot die maksimum gestimuleer (dikwels deur fyn detail) omdat die geskiedenis deur middel van die film **gevisualiseer** word - gemiddelde leerlinge leer tot 20o/o meer deur die hulpmiddel.

* Beperkinge van **tyd en ruimte** word oorbrug, want binne enkele sekondes word byvoorbeeld die St2-leerling verplaas na die leefwêreld van C.J. Langenhoven, vyftig jaar gelede in die Klein Karoo - kry die leerling 'n beter beeld van die historiese plek en die lewe
* Deur kleur, klank en beweging beleef die leerling 'n **boeiende, konkrete** en **realistie se ervaring** - help dit die onderwyser om in die klaskamersituasie nader aan die **werklikheid** te kom.
* So kan **helder** en **duidelike begrippe** gevorm word.
* Die film help verder om **abstrakte** historiese begrippe te **verkonkreet** - die leerlinge **begryp beter** en die vak word **interessanter.**
* Die uiteenlopende ervarings van individuele leerlinge in die klas word tydens 'n filmles gereduseer tot 'n grootliks **homogene belewing.**
* Leer die **meeste** in die **kortste tyd.**
* Leerlinge **onthou** nie net **meer** nie, maar onthou die leerstof ook **langer** (beter retensie).
* Die leer van **nuwe leerstof** word vergemaklik.
* Beter **belangstelling** lei tot beter **motivering** by die leerlinge.

* Dit is 'n waardevolle **aanvulling** van ander metodes.

* Moedig verdere **leeswerk** aan en lok ook **ander handelinge** uit.

* Kan selfs **hersiening veraangenaam!**

* Is 'n ideale basis vir **bespreking** (in groepe).
Begrip en waardering vir die **wetenskaplike metode** kweek.
* Kan **estetiese waardering** opwek.
* Die film is 'n **goedkoop** hulpmiddel – kan **gratis** bekom word – nie eens posgeld hoef betaal te word nie

* 'n Groot **verskeidenheid** films oor 'n wye reeks **onderwerpe** is beskikbaar.

**3. 'N PAAR MOETE, EN 'N BIETJIE MOEITE, OM DIE HULPMIDDEL TOT SY REG TE LAAT KOM.**

* Films wat bestel word (betyds) moet **aanpas** by die **werk** wat op daardie stadium behandel gaan word, oorstem met die **sillabus** en geskik wees vir die betrokke **leerlinge** (ontwikkelingspeil, taalvaardigheid).

* 'n **Lêer** moet vir filmbestellings gehou word waarin duplikate van **bestel- en evaluasie-vorms** (ook ten opsigte van geskikte **2de en 3de keuses**) gehou word met die oog op toekomstige gebruik. Na 'n paar jaar (nadat vasgestel is **wanneer** sekere werk behandel word) kan 'n **kaartstelsel** met dié inligting opgebou word om bestellings te vergemaklik.

* Tydens die heel **eerste voorskou** (meestal meer as een) word **aantekeninge** gemaak met die oog op die opstel van 'n **werkvel,** en oor aspekte wat **uitgelig** of aan die leerlinge **verduidelik** moet word.

* Dit is noodsaaklik dat die onderwyser die rolprent weer **gesien** het **voordat** die **filmles** 'n aanvang neem om moontlike defekte (selfs uitsnydings) op te spoor.

* Lesgebeure **voor, tydens** en **na** die vertoning moet deeglik **beplan** word.

* **Doelwitte en doelstellings** met die les moet duidelik bepaal word by:-
  – 'n **inleiding** tot 'n onderwerp,
  – **hersiening** van leerinhoude,
  – **agtergrond** voor 'n studiebesoek ens.

* **Alles** moet **gereed** wees sodat die **projektor** net oorgeskakel kan word – vinnige en effektiewe **verdonkering,** en die **film** is reeds gelaai!

* Voordat die film begin rol moet die leerlinge se aandag gevestig word op aspekte waarop hul moet let. Hul kan **gemotiveer** word deur 'n aantal **vrae** te gee vir oplossing, 'n **skema** oor die inhoud van die film, of die opset van die **werkvel,** kan verduidelik word.

* Waar nodig (en beplan) moet die film tydens die vertoning **gestop** word om:
noodsaaklike **verduidelikings/vertalings** ens. te doen;
geleentheid te gee om 'n sekere aspek meer intensief **waar te neem** te ontleed;
'n item op die **werkvel** af te handel.
* **Twee vertonings** kan nodig wees in gevalle waar die eerste (of tweede) baie onderbreek word.

* Die **toepassing na die vertoning** is 'n essensiële deel van die filmles en kan bestaan uit:
  'n bespreking;
  'n opdrag;
  mondelinge vrae om verworwe kennis te toets;
  die afronding/voltooiing van 'n werkvel.

**4. UITEINDELIK, MIN MOENIES MAAR ERNSTIGE MISDRYWE!**

* **'n Film mag nooit bloot as 'n vermaaklikheidsmiddel misbruik** word, om leerlinge net **besig** te hou of om vir 'n lui **onderwyser** in te staan nie.

* Dit is nie gewens om **meer as een film** per les te vertoon nie.

* Die bovermelde **"moete"** moet altyd nagevolg word.

**5. 'N MODELFILMLES VIR ST 2 : C.J. LANGENHOVEN DIENSWILLIGE DIENAAR**

Hierdie les is verskeie kere in die **praktyk** gedurende 1980-1985 in 'n aantal skole in die Suid-Kaap **uitgetoets. Gewone klasse,** sowel as **groot groepe** (100+) leerlinge wat uit die laerskole op Oudtshoorn saamgetrek is, was hierby betrek.

Die **prosedure** met die groot groepe was kortliks soos volg:

**5.1 INLEIDING EN BESPREKING AAN DIE HAND VAN DIE WERKVEL**
(+ 17 minute)

* 'n Kort **inleidende** praatjie, aangevul deur vraag-en-antwoordmetode, om die leerlinge voor te berei vir wat gaan volg.

**WERKVEL**
**C.J. LANGENHOVEN – U DIENSWILLIGE DIENAAR – ST 2**

**VUL IN. OF ONDERSTREEP DIE REGTE WOORDE:**

1. **In 1912 kon mens baie Ierse, Skotse en Engelse Liedjies** hoor, maar geen ................................................................ liedere nie.

2. Langenhoven se **voorname** is: C ...................................
J ....................................................................................

3. Ons lees van **sy lewe** in sy boek: U dienswillige ........... ........................................................ Sy **oorgrootvader** het gewoon bokant Somerset-Wes. Hy was **opsigter** van die wapad oor die berg. Hier is sy **grootvader** Philip Lange**hooven** gebore grootvader trou met 'n **meisie van Mosselbaai** se omgewing. Hul boer op die plaas Hamelkop daar naby daar is **Langenhoven se pa, Cornelis, Jakob** Zetyn gebore.

4. Sy pa gaan woon na sy troue op H ................................
naby **Ladismith**

5. Hier is Langenhoven **gebore** op 12/13 Augustus 18

6. Sy **moeder** is (8, 5, 15) dae na sy geboorte **oorlede** Sy pleegouers was baie **lief vir hom** en hy het hul "Mammie en Pappie" genoem.

7. Hoeko is 'n...........................................................................
**plaas** naby die Swartberg.

8. Eers het Goewernantes vir hom **skool** gehou in die ou ............................................................................ winkel.
Al die onderwys was natuurlik in **Engels,** maar Meester Bloemkolk het hom ook **Nederlands** geleer.

9. ........................................................................ studie was ook 'n baie **belangrike vak.**

10. Toe hy ........................ jaar oud was, is hy **na Ladismith se skool.** Daar het hy **matriek** geslaag en baie van **Latyn** gehou.

11. Gaan hierna na ..................................................................
**Bosch** om B.A. -Graad te verwerf. Trou later op Ladismith met weduwee Van Velden.

12. Werk in Ladismith met veral ............................................
**sake** hul trek later **na Oudtshoorn.**

13. Noem hul huis Arbeids ....................................................
Hul enigste **dogter** se naam is **Engela.**

14. In die **tuin** is 'n interessante ............................................
wyser.

15. Sy **werkplek** was in sy **seilstoel** onder die Sipresboom of die ........................................................... boesbos.
Omdat hy gekant was **teen** die **onbruikbare** Hollands, begin Langenhover **vir Afrikaans** veg.
**Het Zuid-Western** was eers 'n tweetalige **koerant.**

16. Toe Langenhoven in 1912 die **Redakteur** word, maak hy dit 'n ..................................................................... koerant.
In 1914 word hy lid van die **Provinsiale Raad.**

17. Toe is **Afrikaans** tot st .............................. in die Kaap se skole erken.
Langenhoven in 1921 'n Senator.

18. In **Wet nr. 8** van 1925 het ................................................
Hollands as taal vervang.

19. Hy skryf meer as (15, 50) **boeke.**

20. **Sy bekendste boeke is:**
Sonde met die ...................................................................
............................................................... Op die Tremspoor

21. Herrie, die ............................... fant, het Langenhoven se **Trem na Meiringspoort** gesleep.

22. Boeke wat met die eeufees in 1973 Herdruk is:
Donker ............................... Loeloe ...............................
Die laaste van die ..................... Mof en sy ..................
.......................................................... van ons Vaad're

23. **Hy het (500/1 500) spreuke** geskryf.

24. **Spreuk Nr. 9**
Die man wat die meeste besorg is dat sy bure se ..........
............................moet blink is die wat .........................
het om te verkoop.

25. **Spreuk Nr. 221:**
As jy nie kan goeie ......................... kry nie, probeer om die wat jy kry ........................................... te maak.

26. **Spreuk Nr. 45:**
Moenie 'n ander ....................... dat hy sy oë oop gehou het onder die gebed nie. Hy het maar gekyk of ....... was.

27. In sy voorkamer het hy in 1918 ons **Volkslied,** die
.............................. van Suid-Afrika geskryf.

28. Langenhoven se **handskrif** was baie: (netjies, slordig, fyn, lomp, maklik leesbaar).

29. Hy het ook die woorde van ons ........... lied in **Afrikaans en Engels** geskryf.

30. Op dié foto staan **Langenhoven** 2de van ........................

31. Hy het die Afrikaner veral **geleer** om te ..........................
Mev. Langenhoven het Arbeidsgenot aan ons volk **bemaak.**

32. Op die **stoep staan** mej. **S. Goldblatt,** Langenhoven se
.....................................................................
Hy is in Arbeidsgenot **oorlede.**


33. Waarom dink was "Aan stille waters" dan **leeg** op 18 Julie 1932?
..............................................................................................

34. Dink jy dit was 'n goeie opskrif in Die Burger?
"Suid-Afrika verloor Langenhoven"
..............................................................................................



Arbeidsgenot.

35. OP SY GRAFSTEEN STAAN:




* **Die werkvel** hierbo afgedruk lê reeds **gereed** op die leerlinge se banke as hul **inkom.** Dit is so beplan dat dit vir die leerling **moontlik** sal wees om **"by te bly"** en die gegewens **in te vul.**

* Hierdie werkvel word dan saam met die leerlinge **deurgelees,** en **antwoorde** wat hul moontlik as groep kan verstrek word nou **reeds ingevul** (op elkeen se eie werkvel). Hierdie antwoorde word op 'n transparant of 'n flitskaart (op die skryfbord) vertoon.

Leerlinge se aandag word ook op die volgende gevestig:

* waar hul moet **invul** of net moet **onderstreep;**

* dat by item 6 net **een** onderstreep mag word;

* by nr. 28 is daar 2 wat pas.

* dat item 33 'n **dinktakie** is, en dat hul eers na nr. 35 moet kyk om dit op te los;

* dat by nommers 27 en 29 daar van hulle as **goeie burgers** verwag sal word om iets te doen. "Ons gaan kyk wie dit die gouste en flinkste kan doen!"

**Ander hulpmiddels** word soos volg tydens die fase benut:

Item 1: die leerlinge word met behulp van 'n **tydkaart** chronologies verplaas na die jaar 1912.

Items 3, 10, 11, 12, 16, 21: die leerlinge word met behulp van 'n **sketskaart** waarop dié plekke sowel as hul tuisdorp verskyn, geografies georiënteer.

Item 8: die woord "goewernantes" word **verduidelik.**

**5.2 VERTONING VAN DIE FILM** (17 minute)

* Die film word vertoon, en die leerlinge **vul** die ontbrekende antwoorde **in** wanneer die projektor **gestop** word.

* **Langer geleenthede** om waar te neem en in te vul word gegee by items soos die volgende, 7, 18, 22, 33-35.

Die **onderbrekings** word tot die **minimum** beperk omdat die leerlinge 'n **"blaaskansie"** kry na items 3, 8, 10, 11, 13, 15, 16, 17 en 31 op die werkvel.



### 5.3 AFRONDING NA DIE VERTONING (± 6 minute)

Na die vertoning word die **antwoorde** wat tydens die vertoning ingevul moet word **verstrek** en op die transparant of flitskaarte vertoon.

### 6. TEN SLOTTE

'n Hulpmiddel wat 'n onderwyser in staat stel om **binne 40 minute soveel feite** aan 'n st 2-klas te leer, is inderdaad 'n **magtige** hulpmiddel – hier was beslis geen **misdeelde** leerlinge nie!

### VERWYSINGS


Barnard, M.C., : "Selfs Die 16-mm Klankfilm Kan Die Onderwyser Nie Vervang Nie." **Die Unie,** Jul. 1974.

Dreyer, N.: "Onderrig- en Leermiddele By Die Onderrig Van Geskiedenis." **Konferensie Ter Bevordering Van Geskiedenis As Skoolvak.** Goudstadse Onderwyskollege, Febr. 1979.

Du Toit, F.J., Pretorius, G.D. en Rosenblatt, D.: **Onderwysmedia En Onderwystegnologie.** Wesvalia, Potchefstroom, 1980.

Groenewald, A.J. : **Die Sielkundige Grondslag Van Aanskouingsonderwys.** C.V. Swets en Zeetlinge, Amsterdam, 1949.

Jussim, E.: "Film As History." **Media And Method,** Sept. 1975.

Mialaret, G.: **The Psychology Of The Use Of Audio-Visual Aids In Primary Education.** Harrap, London, 1966.

Murray, L.L: "The Feature Film As Historical Document." **The Social Studies,** LXVIII, Febr. 1977.

Olivier, J.: **Die Filmles – Metodes en Modelle.** OD. en H.OD-lesings, Die Onderwyskollege Oudtshoorn, 1979.

Oosthuizen, C.: "History Can Be Fun." **Bantu Education Journal,** XXIII, Febr. 1977.

Rombaut, A.: **Inleiding Tot Het Gebruik Van Audio-Visuele Middelen.** De Sikkel, Antwerpen, 1965.

Studiekomitee Vir Geskiedenis, Transvaalse Onderwysdepartement: **Die Toepassing Van Prente, Fotos, Films, Politieke Spotprente, Grafiese En Skematiese Voorstellings, Historiese Voorwerpe En Dokumente In Die Onderrig Van Geskiedenis** (Sekondêre Skole).

Van der Merwe, B.J.: **ABC Vir Geskiedenisonderrig,** d. 3. Academica, Pretoria, 1982.

Van Rensburg, J.J.J.: "Belangrike Aspekte ten Opsigte Van Die Gebruikmaking Van Die 16-mm Film." *Die Skoolblad,* Des. 1975.

Van Zyl, P.J. e.a.: **Instructa 80,** Butterworth, Durban, 1981.


Die Redaksie loof 'n prys van R20 uit vir die eerste korrekte werkvel wat ons bereik:

Pos u antwoorde aan:
Prof. J. Olivier
Dept.Historiese Opvoedkunde
Unisa
Posbus 392
Pretoria
0001